NOU VIR DIE REGTE TOETS

Dawie Roodt—Libertyn, Sondag 08 Maart 2015

Ons het 'n vreemde regering. Drie alliansievennote, die ANC, SAKP en Cosatu, saam in die driepartyalliansie. Elkeen van hulle het hulle eie geskiedenis en ideologiese oortuigings en elkeen draai sy baadjie na die wind.

Aanvanklik het die vennootskap redelik goed gewerk; 'n gemeenskaplike vyand, apartheid, het wondere verrig om die spulletjie bymekaar te hou. Apartheid is al dekades gelede verslaan en dis eintlik 'n wonder die alliansie het so lank bly bestaan! Miskien het die alliansie bly voortbestaan omdat almal te lekker om die trog gekuier het, en nou's die trog leeg; die nuwe vyand is finansiële en ekonomiese realiteite!

Elkeen van die vennote het die afgelope paar jaar ideologiese bollemakiesies geslaan. Die ANC was, byvoorbeeld, voor 1994 'n tipiese bevrydingsorganisasie wat homself na 1994 soos 'n liberale politieke party begin gedra het. So het Trevor Manuel, deur onder andere staatsbates te privatiseer, die staat se skuld vanaf meer as 50% van die ekonomie tot sowat 25% oor 'n tydperk van 14 jaar verminder.

Maar gedurende die Z-periode het die staat se skuld binne net vyf jaar teruggeklim tot meer as 50% van BBP. Terselfdertyd is die Nasionale Ontwikkelingsplan (NDP) as amptelike ekonomiese beleidsraamwerk daargestel alhoewel dit grootliks geïgnoreer word. In die plek daarvan word meer gereeld verwys na dokumente soos die Vryheidsmanifes en die Nywerheidsaksieplan (IPAP) wat in sommige gevalle lynreg verskil van die NDP.

Intussen is die ANC besig met 'n verbete poging om eiendomsregte en ander regte te ondermyn terwyl nasionalisering onder 'n onskuldige dekmantel duidelik nagestreef word – 'n totale gatomswaai van voor die Z-periode.

Cosatu het op soortgelyke wyse sy gedaante verander. Cosatu was nog altyd die tuiste van blouboordjiewerkers. Sy geskiedenis het in die mynwese en fabrieke begin. Deur die jare het Cosatu al meer sy lyf politieke party in die alliansie begin hou en het hy sy magsbasis begin afskeep, wat natuurlik 'n wonderlike geleentheid was vir die Amcu's van die wêreld om eie magsbasis te verbreed.

Cosatu is nou besig om homself op te vreet en het sy tradisionele ondersteuners verloor toe die groot metaalwerkersunies uit die federasie geskop is. Wat nou oorbly is dat sowat 60% van Cosatu se lede vandag staatsamptenare is!

Die enigste werklike wenner in die alliansie is sonder twyfel die SAKP. Hulle het 'n spul ministers in baie magtige posisies sonder dat eers nodig was om 'n enkele verkiesing te veg! Om die waarheid te se, in sy vorige lewe het die SAKP (wat toe bekend gestaan het as die Kommunistiese Party van SA), ook onder die banier "Workers of the world unite and vote for a white South Africa" SA" gemarsjeer, dit was wel in 1922.

Gelukkig is daar darem 'n paar nugteres wat besef dat die finansiële skip op pad is na die rotse. Nthlanthla (check spelling) Nene, die minister van finansies, is terdeë bewus daarvan dat daar hopeloos teveel staatsamptenare is wat hopeloos oorbetaal is. 'n Paar syfers; gemiddeld verdien staatsamptenare tussen 30 en 40% meer as hulle eweknieë in die privaatsektor, die gemiddelde staatsamptenaar se loonverhogings die afgelope vyf jaar was hoer as sy eweknie in die privaatsektor, 70% van nuwe werke wat "geskep" word is in die staatsdiens, bykans alle staatsamptenare deel is van die 30% hoogste verdieners in die land.

Ek het op 'n interessante stukkie statistiek afgekom die afgelope week. Ek moet die syfers nog bietjie martel voor ek oortuigende gevolgtrekkings kan maak maar hier is my eerste indrukke. SA se arbeidsproduktiwiteit is besig om teen 'n al stadiger tempo te groei. Wat interessant is, is dat dit baie goed korreleer met die indiensneming van staatsamptenare! Dit wil voorkom asof ons produktiwiteitgroei afneem soos ons meer staatsamptenare in diens neem. Indien ek reg is, is dit 'n verdere bewys dat 'n groeiende staatsdiens een van die grootste bedreigings vir ekonomiese groei is. Staatsamptenare se primêre verpligting is om die lewe vir jou en vir my makliker te maak maar lyk my presies die teenoorgestelde word bereik!

Nietemin, Cosatu wat eintlik deesdae die staatsdiens verteenwoordig, en die minister van finansies wat die belastingbetaler verteenwoordig is op 'n konfrontasiepad. Cosatu eis 'n 15% loonverhoging vir staatsamptenare en Nene het vir 6.6% begroot. Intussen het die graderingsagentskappe dit duidelik gemaak dat 'n buitensporige aanpassing aan die salarisse van staatsamptenare kan lei tot 'n afgradering van die staat se skuld.

Alle staatsamptenare is nie lui en oorbetaal nie, maar hopeloos te veel van hulle is wel lui en oorbodig. 'n Staking deur die staatsdiens behoort dus nie veel impak op die ekonomie se prestasie te hê nie, dit kan selfs positief wees. Alhoewel die staatsdiens miskien nie baie produktief is nie, kan hulle kan nogal destruktief wees; of hulle nou werk of staak...

Intussen salueer ek ons hardwerkende, produktiewe en lojale staatsamptenare!

Dawie Roodt is die Hoofekonoom van die Efficient Group.
Kontak gerus vir Dawie op **dawieroodt@efgroup.co.za**

Vrywaring: Alhoewel alle maatreëls getref is om die akkuraatheid van die brosjure-inhoud te verseker, aanvaar die Efficient Group Bpk. geen aanspreeklikheid vir enige weglatings of of foute hierin vervat nie. Die inhoud van hierdie dokument moet nie as finansiële advies beskou word nie. Efficient Group Bpk. behou die reg om die inhoud van hierdie dokument sonder vooraf kennisgewing te verander.